



Die messiaanse interpretasie van die psalms in enkele Antiocheense en Oos-Siriese psalmkommentare

H.F. van Rooy
Eenheid vir Reformatoriese Teologie
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: herrie.vanrooy@nwu.ac.za

Abstract

The messianic interpretation of the psalms in a number of Antiochene and East Syriac psalm commentaries

The Antiochene exegetes interpreted the psalms against the backdrop of the history of Israel. They reconstructed a historical setting for each psalm. They reacted against the allegorical interpretation of the Alexandrian School that frequently interpreted the psalms from the context of the New Testament. This article investigates the messianic interpretation of Psalms 2 and 110, as well as the interpretation of Psalm 22, frequently regarded as messianic in non-Antiochene circles. The interpretation of these psalms in the commentaries of Diodore of Tarsus, Theodore of Mopsuestia and Iṣō`dādh of Merv will be discussed, as well as the commentary of Denha-Gregorius, an abbreviated Syriac version of the commentary of Theodore. The commentaries of Diodore and Theodore on Psalm 110 are not available. The interpretation of this psalm in the Syriac commentary discussed by Vandenhoff and the commentary of Iṣō`dādh of Merv, both following Antiochene exegesis, will be used for this psalm. The historical setting of the psalms is used as hermeneutical key for the interpretation of all these psalms. All the detail in a psalm is interpreted against this background, whether messianic or not. Theodore followed Diodore and expanded on him. Denha-Gregorius is an abbreviated version of Theodore, supplemented with data from the Syriac. Iṣō`dādh of Merv used Theodore as his primary source, but with the same kind of supplementary data from the Syriac.

Opsomming

Die messiaanse interpretasie van die psalms in enkele Antiocheense en Oos-Siriese psalmkommentare

Die Antiocheense eksegete het die psalms geïnterpreteer teen die agtergrond van die geskiedenis van Israel. Hulle het vir elke psalm 'n historiese agtergrond gerekonstrueer. Dit was in reaksie op die allegoriese interpretasie van die Aleksandrynse skool, wat die psalms allegories verklaar het en dikwels 'n Nuwe-Testamentiese interpretasie in die psalms ingelees het. Hierdie artikel let op die messiaanse interpretasie van twee psalms, naamlik Psalm 2 en 110, asook op een psalm wat dikwels messiaans geïnterpreteer is, maar waar die messiaanse interpretasie deur die Antiocheense eksegete verwerp is, naamlik Psalm 22. Die interpretasie van die psalms in die kommentare van Diodorus van Tarsus, Theodorus van Mopsuestia en Išo`dâdh van Merv word bestudeer, sowel as die kommentaar van Denha-Gregorius, 'n verkorte Siriese weergawe van die kommentaar van Theodorus. Die kommentaar van Diodorus en Theodorus op Psalm 110 is egter nie meer beskikbaar nie. Die interpretasie van hierdie psalm word bespreek aan die hand van die Siriese kommentaar deur Vandenhoff en in die kommentaar van Išo`dâdh van Merv, wat albei by die Antiocheense tradisie aangesluit het. Die historiese plasing van die verskillende psalms word in die kommentare as 'n hermeneutiese sleutel hanteer, vir sowel die messiaanse psalms as die nie-messiaanse psalms. Al die besonderhede van die psalms word deur middel van hierdie sleutel verklaar. Theodorus het ten nouste by Diodorus aangesluit en op sy werk uitgebrei. Denha-Gregorius is 'n verkorte weergawe van Theodorus, aangevul met gegewens vanuit 'n Siriese hoek. Išo`dâdh van Merv het Theodorus as sy vernaamste bron gebruik, maar ook vanuit 'n Siriese hoek aangevul.

1. Inleiding

Die Antiocheense eksegete, veral Diodorus van Tarsus en Theodorus van Mopsuestia, het die psalms teen die agtergrond van die geskiedenis van Israel geïnterpreteer. Hulle het vir elke psalm 'n historiese agtergrond gerekonstrueer. Die Antiocheense skool het gereageer teen die allegoriese interpretasie van die Aleksandrynse skool wat die psalms allegories verklaar en dikwels 'n Nuwe-Testamentiese interpretasie in die psalms ingelees het. Diodorus en Theodorus het slegs vier psalms direk as messiaans geïnterpreteer, naamlik Psalm 2, 8, 45 en 110. Volgens Bloemendaal (1960:2, 6 en 8) hou die messiaanse interpretasie van hierdie psalms verband met die Nestoriaanse tradisie as sodanig. Hierdie artikel let op die

messiaanse interpretasie van twee van hierdie psalms, naamlik Psalm 8 en 110, asook van Psalm 22, die een psalm wat dikwels as messiaans geïnterpreteer is, maar waarvan die messiaanse interpretasie deur die Antiocheense eksegete verwerp is. In hierdie artikel gaan besonderlik gekyk word na die kommentare van twee van die grondleggers van die Antiocheense skool (Diodorus van Tarsus en Theodorus van Mopsuestia). Veral die werk van Theodorus van Mopsuestia het 'n belangrike invloed op die Oos-Siriese interpretasie van die psalms uitgeoefen. Die deurwerking hiervan kan nagepeur word in twee Oos-Siriese kommentare wat hier bespreek word, naamlik die Siriese psalmkommentaar in die manuskrip, bestudeer deur Vandenhoff en in die psalmkommentaar van Išô`dâdh van Merv. Vir die interpretasie van Psalm 2 en 22 kan in die besonder gelet word op die werk van Diodorus en Theodorus, aangesien hulle kommentaar op die twee psalms behoue gebly het. Hulle interpretasie kan met die interpretasie van die twee psalms in die vermelde Oos-Siriese psalmkommentare vergelyk word. Die kommentaar van Diodorus en Theodorus op Psalm 110 is egter nie meer beskikbaar nie. Die interpretasie van hierdie psalm word aan die hand van die Siriese kommentaar van Denha-Gregorius bespreek deur Vandenhoff en in die kommentaar van Išô`dâdh van Merv, wat albei by die Antiocheense tradisie aansluit. Daar is natuurlik ander Antiocheense psalmkommentare ook beskikbaar vir die doeleindes van vergelyking, soos die kommentare van Chrysostomos en Theodoretus van Cyrus. Omdat hierdie artikel veral konsentreer op die grondleggers van die Antiocheense psalminterpretasie (Diodorus en Theodorus) en die deurwerking van hulle interpretasie in die Oos-Siriese tradisie, gaan die latere Antiocheense kommentare egter vir die doeleindes van hierdie artikel buite rekening gelaat word. 'n Uitgebreide bespreking van die wyse waarop die Antiocheense skool die psalms benader het, word deur Van Rooy (2009:2-8) gebied, sodat daardie inligting nie hier herhaal word nie.

2. Die vier kommentare

In hierdie artikel word die interpretasie van Psalm 2, 22 en 110 in vier kommentare bespreek, naamlik die kommentare van Diodorus van Tarsus, Theodorus van Mopsuestia, die Denha-Gregoriuskommentaar bespreek deur Vandenhoff en die kommentaar van Išô`dâdh van Merv. Die vier kommentare word eers kortliks bespreek.

Diodorus was een van die belangrikste figure in die Antiocheense Skool. Hy het in ongeveer 393 n.C. gesterf en was die leermeester

van Johannes Chrysostomos en Theodorus (Hill, 2005:xi). Sy kommentaar op Psalm 1-50 is deur Olivier (1980) gepubliseer. 'n Vertaling van hierdie kommentaar uit die oorspronklike Grieks is deur Hill (2005) gepubliseer. Sy kommentaar het 'n inleiding gehad, waarin hy sy siening van die psalms opsom (Hill, 2005:1-5). Hy aanvaar dat Dawid die outeur van al die psalms was en dat hy profeties in die toekoms ingekyk het. Wat die historiese plasing van die psalms betref, verbind hy sommige psalms aan die Babiloniese gevangenskap, en ander aan die tyd van die Makkabeërs, of Jeremia en Hiskia. Sommige kyk terug na die geskiedenis, soos die slawerny in Egipte. Hy het net vier psalms as messiaans beskou, naamlik Psalm 2, 8, 45 en 110. Hy aanvaar egter bloot hulle is messiaans. Nóg in sy inleiding, nóg in sy kommentaar op Psalms 2, 8 en 45 gee hy enige rede waarom hy die betrokke psalms as messiaans beskou. Dieselfde geld ook vir al sy historiese rekonstruksies van die datering van die verskillende psalms. Hy stel dit bloot sonder enige besondere motivering.

Theodorus is in ongeveer 350 n.C. gebore en is in Antiochië opgelei deur onder andere Diodorus. Hy het in ongeveer 428 n.C. gesterf terwyl hy biskop van Mopsuestia was (Hill, 2006:xv). Sy kommentaar op Psalm 1-80 is in 1939 deur Devreesse gepubliseer en weer, met 'n vertaling, deur Hill in 2006. Theodorus het sy kommentaar in Grieks geskryf en dit is later in Siries vertaal, soos blyk uit die fragmente wat Van Rompay (1982) gepubliseer het. Hierdie Siriese weergawe van die kommentaar, asook sy ander werke, het 'n groot invloed op Oos-Siriese eksegeese en op latere Oos-Siriese psalmkommentare uitgeoefen. Sommige kommentare was 'n verwerking van Theodore se kommentaar, terwyl ander weer baie stof van hom oorgeneem het.

Van der Eynde (1981b:xxxii-xli) bied 'n uitgebreide bespreking van Oos-Siriese werke oor die psalms. Hy sê dat die kommentaar van die manuskrip Sachau 215, wat vir die eerste keer deur Baethgen (1885) bespreek is, volgens die titel toegeskryf is aan Theodorus van Mopsuestia. Dit gebruik egter die Peshitta as die basiese teks vir die kommentaar (Van der Eynde, 1981b:xxxiii). 'n Deel van die kommentaar handel oor die teks van die Peshitta, terwyl die res Theodorus volg. Die teks is 'n kommentaar op die Peshitta, maar met die gees van Theodorus in die kommentaar en met gebruikmaking van inligting van Theodorus. Dit stem tot 'n groot mate ooreen met die kommentaar van Denha-Gregorius (Van der Eynde, 1981b:xxxiv). Van der Eynde (1981b:xxxiv) beskou ook die kommentaar, beskryf deur Vandenhoff, as dieselfde as Denha-Gregorius

s'n. Hy verwys na die standpunt van Devreesse dat laasgenoemde kommentaar 'n tweede, hersiene en uitgebreide weergawe is van die kommentaar van die manuskrip Sachau 215 (1981b:xxxvi). Die grootste deel van hierdie kommentaar stem ooreen met dié in die manuskrip Sachau 215 (Van der Eynde, 1981b:xxxvi). Leonhard (2001:14) aanvaar dat Denha-Gregorius se kommentaar uit die negende eeu dateer en dat hierdie kommentaar op dié in manuskrip Sachau 215 voortbou met uitbreidings van 'n soortgelyke werk van Ahob van Qatar. Hy beskou Denha en Išô`dâdh as tydgenote (Leonhard, 2001:15). In hierdie artikel word die weergawe van Denha-Gregorius wat deur Vandenhoff (1899) bespreek is, gebruik. In sy studie het Vandenhoff 'n aantal psalms bespreek wat deur die Kerk van die Ooste (die sogenaamde Nestoriaanse Kerk) as messiaans beskou is. Enkele psalms wat nie as messiaans beskou is nie, word ook bespreek. Laasgenoemde word wel deur ander kommentators as messiaans beskou.

Manuskrip Sachau 215 is reeds in 1885 deur Baethgen bespreek, maar aangesien die manuskrip nie in hierdie artikel gebruik word nie, word daar nie verder hierop ingegaan nie. Die manuskrip wat Vandenhoff bespreek het, word wel gebruik. Nie een van hierdie manuskripte is volledig gepubliseer nie. Vandenhoff verskaf egter die teks van die psalms wat as messiaans geïnterpreteer word, asook die teks van enkele psalms wat in ander tradisies as die Antiocheense messiaans geïnterpreteer word. Samevattend kan dus gestel word dat Theodorus van Mopsuestia se psalmkommentaar in Siries vertaal en verwerk is en dat die manuskrip Sachau 215 'n verwerking is van hierdie vertaling met sekere byvoegings. Die Denha-Gregoriuskomentaar is 'n volgende verwerking van Theodorus se kommentaar, soortgelyk aan die kommentaar vervat in manuskrip Sachau 215, met nog aanvullende opmerkings.

Diettrich het reeds in 1902 Išô`dâdh se plek in die geskiedenis van die interpretasie van die Ou Testament bespreek. Išô`dâdh se belang hou verband daarmee dat hy Theodorus se werk, asook dié van ander Nestoriaanse vaders, intensief gebruik het (Diettrich, 1902:vii). In 2001 het Leonhard 'n baie belangrike studie oor die verhouding tussen die psalmkommentare van Theodorus en Išô`dâdh gepubliseer. Išô`dâdh se kommentaar is van die grootste belang vir die verstaan van Oos-Siriese eksegeese in die negende eeu (Leonhard, 2001:1). Išô`dâdh het gebruik gemaak van 'n teks van die Peshitta met Oos-Siriese psalmopskrifte wat die historiese plasing van die psalms bied (Leonhard, 2001:235-236). Leonhard se studie maak dit duidelik dat Išô`dâdh wel Theodorus se werk gebruik het.

In die tekste wat Leonhard bestudeer het, blyk dit dat Išô`dâdh ongeveer 30% van Theodorus se werk gebruik het (Leonhard, 2001: 243-244).

3. Psalm 2

Vir 'n vergelyking van die verskillende kommentare op Psalm 2, is die Oos-Siriese psalmopskrif 'n goeie beginpunt. Theodorus het die oorspronklike opskrifte van die psalms verwerp en het, in aansluiting by Diodorus, 'n historiese situasie vir die verskillende psalms gerekonstrueer. Die Oos-Siriese opskrifte bied 'n opsomming van die eksegeese van Theodorus. Die Oos-Siriese opskrif van Psalm 2 kan soos volg vertaal word:

Hy profeteer oor die dinge wat deur die Jode gedoen is tydens die lyding van ons Here en hy herinner ons ook aan sy menslike natuur

Hierdie opskrif verwys na die lyding en menslike natuur van Christus. Diodorus begin sy kommentaar op hierdie psalm met 'n kort inleiding waarin hy stel dat hierdie psalm 'n profesie oor die Here is (Hill, 2005:2-10; Olivier, 1980:11-17). In die eerste vers verwys hy na die woede van die Jode teenoor Hom. Die nasies en volke verwys na die Jode en die volgelinge van Herodes. Vers 2¹ verwys na Herodes en Pilatus. In sy kommentaar op vers 8 verwerp hy die siening van die Ariane oor die natuur van Christus. In die hele kommentaar op die psalm gebruik Diodorus sy messiaanse verstaan daarvan as 'n sleutel vir die eksegeese van die detail.

In sy kommentaar op hierdie psalm het Theodorus 'n baie langer en meer gedetailleerde inleiding (Hill, 2006:14-33). Ook sy kommentaar bevat baie meer besonderhede. Theodorus gee meer besonderhede oor die sameswering van die Jode teen Christus. Hy noem ook Christus se menslike natuur in die inleiding wanneer hy oor sy opstanding uit die dood as 'n mens praat; daarna is Hy deur God opgeneem en in beheer gestel. Theodorus verbind ook die psalm met die dade van Herodes en Pilatus en verwerp die gedagte dat die psalm na Dawid of Serubbabel sou kon verwys. Herodes en Pilatus is die heidene wat teen Jesus opstaan, terwyl die Jode Hom aan Pilatus oorgelewer het. Die leiers van vers 2 is die skrifgeleerdes en Fariseërs. Die benadering is tipies Antiocheens deur

1 Versverwysings in afdeling 3 verwys na die betrokke vers in Psalm 2.

die historiese plasing en doel van die psalm as sleutel vir die verstaan van die detail te gebruik.

Die Denha-Gregoriuskommentaar op Psalm 2 is gepubliseer deur Vandenhoff (1899:32-35 van die Latynse vertaling en 22-25 van die handgeskrewe Siriese teks). Die kommentaar begin met presies dieselfde opskrif vir die psalm as die standaard Oos-Siriese opskrif, naamlik met die verwysing na die lyding van die Here en sy menslike natuur. Die teks van die Peshitta word verder as basiese teks gebruik, met 'n kommentaar wat aansienlik korter is as dié van Theodorus. Die kern van die Theodoruskommentaar se detail word egter behou, soos blyk uit die volgende voorbeelde. In vers 1 word die nasies aan Herodes en Pilatus verbind en die volke aan die hoë-priesters, die priesters en die skrifgeleerdes. Die leiers van vers 2 is die skrifgeleerdes en Fariseërs. In vers 3 verbind hy die Here en sy gesalfde aan die Vader en die Seun, net soos Theodorus. In vers 7 volg hy ook vir Theodorus met die aanduiding dat dit handel oor die geboorte van Jesus. Hy voeg egter daarby dat dit ook betrekking het op Jesus se doop en opstanding en die onsterflikheid wat God aan die Seun gegee het.

Išô`dâdh het 'n kort inleiding. Die Jode verbind Psalm 2 aan Serubbabel en die huis van Gog, terwyl dit eintlik oor ons Here en oor sy verhoging handel (Van der Eynde, 1981a:20; 1981b:125). Dit is belangrik om daarop te let dat Išô`dâdh nie na die menslike natuur van Christus verwys nie. Wat die kommentaar self betref, is Išô`dâdh se kommentaar meer beknopt as dié van Theodorus. Daar is egter sekere detail van die twee kommentare wat ooreenstem.

In die inleiding van sy vertaling van die kommentaar van Išô`dâdh gee Van der Eynde (1981b:xxiv) 'n lys van gedeeltes waar die kommentaar van Išô`dâdh ooreenstem met dié van Theodorus:

Išô`dâdh	Theodorus
25, 3 ff.	7, 11-16
25, 8	9, 2
25, 8-10	8, 26-28
25, 10 ff.	8, 17-19
26, 6 ff.	9, 13
26, 8 ff.	9, 29-31
26, 16 ff.	12, 23-29

In sy inleiding som Išo`dâdh die inleiding van Theodorus op met betrekking tot die lyding en verhoging van Christus (Išo`dâdh 25, 3 ff.). Albei verwys na die vraag wat met betrekking tot die Jode gevra is (Išo`dâdh 25, 8, naamlik hoekom die nasies so woedend was (Išo`dâdh 25, 8-10). Albei verbind die nasies aan Herodes, Pilatus en die soldate, waarvan in vers 1 melding gemaak word, met verwysing na Handeling 4:27 (Išo`dâdh 25, 10 ff.). In vers 2 verbind hulle die leiers aan die skrifgeleerdes en Fariseërs (Išo`dâdh 26, 6 ff.). In vers 3 het Išo`dâdh 'n kort opmerking oor die nasies, wat hulle van die beheer van die Vader en die Seun losgemaak het, van Theodorus (Išo`dâdh 26, 8 ff.) oorgeneem. In vers 6 verwys hulle daarna dat Jesus oorwegend in Juda gebly het (Išo`dâdh 26, 16 ff.).

Benewens hierdie gedeeltes waarna Van der Eynde verwys, word daar in vers 2 verwys na die sonsverduistering tydens die kruisiging. In hierdie verband het Išo`dâdh 'n opmerking oor die koninklike argiewe van die Egiptenare en die Romeine. Theodorus het nie hierdie verwysing nie, maar daar is duidelike ooreenkomste met 'n opmerking van Theodorus bar Koni en al die inligting waarna Išo`dâdh verwys (vgl. Scher, 1912:134-135; Hespel & Draguet, 1982:98-99). Oor vers 4 en 5 het Išo`dâdh 'n kort opmerking oor die kruisiging deur die Romeine. Hierdie opmerking het hy nie van Theodorus oorgeneem nie. In vers 1, 6 en 12 het Išo`dâdh opmerkings oor die Griekse teks. Hierdie tipe opmerkings kom soms in die kommentaar van Išo`dâdh voor. Vosté (1945:23) dui aan dat die opmerking oor vers 1 identies is met die Siro-Hexaplar. Daar kom meer sulke opmerkings voor, maar dit is nie vir hierdie studie van belang nie.

In sy kommentaar op vers 7 het Theodorus 'n hele afdeling oor die ewige Woord en die menslike wese (Jesus), wat in die tyd gebore is. Hierdie gedeelte hou verband met sy siening oor die twee nature van Christus. Išo`dâdh het dit nie oorgeneem nie. Hy is waarskynlik versigtig om hieraan aandag te gee, weens die sensitiwiteit van die saak in die Oos-Siriese tradisie en die probleme wat die stryd oor die twee nature veroorsaak het. Hy sê dat die generasie van Christus na sy geboorte uit die maagd verwys, en veral na sy opstanding uit die dood. Hy sê dat Christus in die vlees gebore is, 'n opmerking wat in stryd is met wat Theodorus gesê het oor die twee nature van Christus. Theodorus se standpunt oor die twee nature van Christus kom duidelik na vore in sy kommentaar op Psalm 8 (Hill, 2006:84-99). Volgens hom maak Psalm 8 die verskil duidelik tussen die ewige Woord en die menslike natuur wat aangeneem is.

In sy kommentaar op vers 9 verwys Išô`dâdh na die ekonomie van Christus. Om die Seun te soen beteken om hom lief te hê.

Dit is duidelik dat die historiese plasing van hierdie Psalm dieselfde is in die kommentare van Theodorus en Išô`dâdh en dat Išô`dâdh vir 'n groot deel van sy kommentaar van Theodorus afhanklik is. Denha-Gregorius sluit ook nou by Theodorus aan, maar is aansienlik korter.

4. Psalm 22

Psalm 22 word dikwels beskou as 'n messiaanse psalm, onder andere omdat die beginwoorde van die psalm deur Jesus as 'n kruiswoord gebruik is. Die Antiocheense tradisie het egter hiervan verskil. Die Oos-Siriese opskrif van hierdie psalm maak dit duidelik:

Uitgespreek deur Dawid as 'n gebed toe hy deur Absalom agtervolg is

Die historiese plasing van die psalm word reeds in Diodorus se kommentaar daarop aangetref (Hill, 2005:69-74). Hy sê in sy inleiding tot die psalm dat sommige kommentators die psalm aan Christus verbind, veral op grond van sekere ooreenkomste met die lyding van Christus (soos die begin van die psalm wat deur Christus as 'n kruiswoord gebruik is). Hier moet 'n mens onthou dat Diodorus en Theodorus nie die Hebreeuse teks van Psalm 22 gebruik het nie, maar die Septuagint. Die woord aan die einde van vers 2, wat in die 1933/1953-vertaling met "gebrul" vertaal is, is in die Septuagint vertaal met παραπτωμάτων ("oortredings"). Hierdie vertaling het dit vir hulle onmoontlik gemaak om die psalm as messiaans te verstaan, omdat Jesus uiteraard nie sonde gedoen het nie. Diodorus wys pertinent daarop dat Dawid sy lyding aan sy sonde toeskryf. Die verbinding aan die vervolging deur Absalom veroorsaak ook dat die sonde van Dawid spesifiek dié met Batseba is. Die saak van die verdeling van die klere en die werp van die lot (Ps. 22:19) verbind hy ook aan Dawid, alhoewel hy sê dat die woorde nog meer in Christus vervul is. Dit maak egter nie die psalm messiaans in die oorspronklike konteks nie. Hy verstaan dus die detail van die psalm in die lig van die verbinding daarvan aan die vervolging van Dawid deur Absalom.

Theodorus se kommentaar op Psalm 22 het net gedeeltelik behoue gebly (vgl. Hill, 2006:240-245). Die historiese plasing van die psalm is egter presies dieselfde as dié van Diodorus, naamlik Dawid se agtervolging deur Absalom op grond van sy sonde met Batseba. Hy

sê ook pertinent dat Jesus die woorde van Dawid aan die kruis aangehaal het, en dat Dawid se woorde nie profeties was nie, maar oor sy eie ervarings gehandel het.

Die kommentaar van Denha-Gregorius begin met die Oos-Siriese opskrif en die inleiding stem ooreen met die vorige twee kommentare (vgl. Vandenhoff, 1899: vertaling 35-39 en Siriese teks 28-36), maar hy voeg daarby dat daar ander eksegete is wat die psalm aan “ons Heer die Messias (Christus)” verbind. Tog volg Denha-Gregorius self die Antiocheense interpretasie en gebruik die plasing in die tyd van Dawid se vervolging deur Absalom as sleutel vir die verklaring van die psalm. Die honde wat hom omsingel het (Ps. 22:17) is die meelopers van Absalom en sy klere is tydens sy vlug onder die soldate van Absalom verdeel.

Ook Iṣḥō`dādh volg dieselfde lyn (vgl. Van der Eynde, 1981a:43-44; 1981b:50-52). In sy inleiding wys hy daarop dat sekere kommentators die psalm aan Christus verbind, op grond van die gebruik van die eerste gedeelte as kruiswoord deur Jesus en nog ander ooreenkomste. Hy verwerp dit egter op grond van dieselfde redes as Diodorus en Theodorus. Die kommentaar self is baie beknopt. Tog is daar ’n aantal opmerkings wat nie van die ander Antiocheense kommentare oorgeneem is nie, soos ’n verwysing na Psalm 10 en die lied van Habakuk ten opsigte van Psalm 22:3 asook ’n verwysing na Batseba in Psalm 22:4. Behalwe vir die historiese plasing van die psalm en die afwysing van die verbinding aan Christus, is daar weinig wat aan die kommentaar van Theodorus en Denha-Gregorius herinner.

5. Psalm 110

Die kommentaar van Diodorus en Theodorus op Psalm 110 is nie beskikbaar nie. Hier word dus in meer besonderhede gelet op die kommentare van Denha-Gregorius en Iṣḥō`dādh. Die Oos-Siriese opskrif van hierdie psalm is soos volg:

Hy profeteer oor die bedeling (ekonomie) van ons Verlosser die Messias

Die kommentaar van Denha-Gregorius (Vandenhoff, 1899: vertaling 46-49, Siriese teks 46-49) begin met ’n langerige inleiding waarin die messiaanse karakter van die psalm uitgespel word. Hy begin met die Oos-Siriese opskrif. Dit word opgevolg met ’n verwysing na ’n opmerking van Aḥob wat stel dat die psalm ’n voorspelling maak oor die eer wat die menslike natuur aangedoen is en oor die generasie

van die ewige Woord van God. Verder stel hy dat die Jode die psalm aan die aartsvaders Abraham en Isak verbind, veral toe Abraham se slaaf gestuur is om Rebekka vir Isak as vrou te gaan haal. Hy wys egter op die onderskeid in die psalm tussen die name wat gebruik word, naamlik *Here* en *my Here*, wat op twee persone van die Drie-eenheid dui.

In sy kommentaar op vers 1² stel hy dat *Here* na die Vader verwys en *my Here* na Christus in die vlees. In die kommentaar word die teks van die Peshitta aangehaal, en daarna gewoonlik 'n beknopte aanhaling van die kommentaar. Die *sit aan die regterhand van God* verwys na die eer en heerlikheid van Christus. Diegene wat onder sy voete geplaas word, is hulle wat Hom weerstaan, wat mense of demone kan wees. In vers 2 is Sion die plek waar Christus se evangelie begin het. Die vyande is hier die Jode en die konings wat sy leer aantast. Christus se volk in vers 3 is diegene wat in Hom glo. Die teks het 'n verdere verwysing na 'n uitspraak van Ahob en verwys ook na die lesing in Grieks. Ten opsigte van die priesterskap volgens die orde van Melgisedek dui hy aan dat geen ander persoon Christus se priesterskap sal dra nie. Volgens hom het Melgisedek nie diere geoffer nie, maar net brood en wyn. Dat die Here aan sy regterhand is (v. 5), verbind hy aan die verlossing van almal, waartoe God Hom bystaan. Die oordeel van vers 7 verbind hy aan die oorlog wat die Romeine teen die Jode gevoer het en wat uitgeloop het op die verwoesting van Jerusalem. Vers 7, met die verwysing na die drink van water uit 'n stroom, verbind hy aan die tyd toe Jesus in die woestyn versoek is. Dat Hy daarna die hoof sal ophef, verwys na die opstanding uit die dood en die goddelike eer wat Hy sal ontvang wanneer die hele wêreld sal erken dat Hy die Seun van God is.

Išô`dâdh se kommentaar op Psalm 110 is aansienlik langer as dié van Denha-Gregorius (vgl. Van der Eynde, 1981a:157-162; 1981b:172-177). Hy begin ook sy inleiding met die verwysing na die Jode se verklaring van die Psalm, verbind aan die sending van Abraham se slaaf om Rebekka as vrou vir Isak te kry. Hy verwerp egter die siening en stel dat dit oor ons Here (Christus) gaan. Hy sê dat dit duidelik uit die begin van die psalm blyk. Waar Denha-Gregorius kortliks verwys na die twee woorde wat vir *die Here* en *ons Here* gebruik word, gee Išô`dâdh 'n langer bespreking, met 'n transkripsie van die twee Hebreeuse woorde. Die Siriese transkripsie van die

2 Versverwysings in afdeling 5 verwys na die betrokke vers in Psalm 110

twee name is wel interessant. Die gewone naam vir die Here (*Adonay*), transkribeer hy met *'dwny*, met behoud van die Hebreeuse leesmoeder. Die ander naam (*Adoni*) transkribeer hy sonder die leesmoeder (*'dny*), waardeur dit duidelik blyk dat hy (of sy bron) geweet het van die verskillende uitspraak van die twee woorde, soos dit in die Hebreeuse teks gevokaliseer is.

Alhoewel Išô`dâdh 'n meer uitgebreide kommentaar het as Denha-Gregorius, word baie van die detail van daardie kommentaar wel by hom gevind. Wat ook opgemerk kan word, is dat Išô`dâdh heelwat verwysings na ander Skrifgedeeltes het. Dit doen hy veral by die messiaanse psalms. So verwys hy by vers 1 na Psalm 71:18, Matteus 1:24-25 en 2 Samuel 6:23 (vgl. Van der Eynde, 1981b:173). In vers 1 wys hy daarop dat Christus se heerskappy tot in ewigheid sal duur. By vers 2 het hy 'n lang verduideliking oor die septer, iets wat nie by Denha-Gregorius voorkom nie. Hy verbind dit aan die heerskappy van Christus. Die septer verwys selfs direk na Christus, met verwysing na Jesaja 11:1. In vers 3 verwys hy na Henana en na sake in die Grieks, wat nie by Denha-Gregorius voorkom nie. By vers 3 het hy 'n lang bespreking oor Jesus se geboorte, met verwysing na die verskyning van Gabriël aan Maria en Josef. By vers 4 beskou hy Melgisedek as Christus se verteenwoordiger. In vers 7 verbind hy die oordeel ook aan die verwoesting van Jerusalem deur die Romeine en gee meer besonderhede, met verwysings na Titus, Vespasianus en Hadrianus.

6. Konklusie

Uit die bespreking is dit duidelik dat die Antiocheense eksegete Diodorus en Theodorus die historiese plasing van 'n spesifieke psalm as 'n sleutel gebruik het vir die verklaring van die besonderhede van die betrokke psalm. Dit geld in die algemeen, soos by Psalm 22, waar die verbinding aan Dawid se vlug voor Absalom die sleutel is. Dit geld egter ook die messiaanse psalms, soos Psalm 2 en 110. By al die ander psalms is die historiese plasing binne die geskiedenis van Israel tot by die Makkabeërs. Alleen die vier messiaanse Psalms word aan 'n later tyd, die tyd van Christus, verbind. In vertaalde vorm het Theodorus se kommentaar 'n belangrike invloed uitgeoefen op die latere Oos-Siriese psalmkommentare. Dit het gebeur in verkorte verwerkings daarvan, soos in die kommentaar van Denha-Gregorius, maar ook in kommentare wat van verskeie bronne gebruik maak het, soos Išô`dâdh. In die geval van Išô`dâdh dra 'n beduidende deel van sy kommentaar die stempel van Antiocheense eksegeses.

Geraadpleegde bronnen

- BAETHGEN, F. 1885. Der Psalmencommentar des Theodorus von Mopsuestia in syrischer Bearbeitung. *Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft*, 5:53-101.
- BLOEMENDAAL, W. 1960. The headings of the psalms in the East Syrian Church. Brill: Leiden.
- CSCO = Corpus Scriptorum Christianorum Orientalium
- DEVREESSE, R. 1939. Le commentaire de Theodore de Mopsueste sur les Psaumes 1-80. Rome: Tipografia Vaticana. (Studi e Testi 93.)
- DIETRICH, G. 1902. Išô`dâdh's Stellung in der Auslegungsgeschichte des Alten Testaments. Giessen: Töpelmann. (Beiheft Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft 6).
- HESPEL, R. & DRAGUET, R. 1982. Théodor bar Koni: livre des scolies. Recension de Séert. T. 2: Mimrè 6-11. Leuven: Peeters. (CSCO 432, Scriptorum Syri 188.)
- HILL, R.C. 2005. Diodore of Tarsus: commentary on Psalms 1-51. Atlanta: Society of Biblical Literature. (Writings from the Greco-Roman World 9.)
- HILL, R.C. 2006. Theodore of Mopsuestia: commentary on Psalms 1-81. Atlanta: Society of Biblical Literature. (Writings from the Greco-Roman World 5.)
- LEONHARD, C. 2001. Ishodad of Merv's exegesis of the Psalms 119 and 139-147: a study in the light of the Syriac translation of Theodore of Mopsuestia's commentary. Leuven: Peeters. (CSCO 585, Subsidia 107.)
- OLIVIER, J.-M. 1980. Diodori Tarsensis commentarii in Psalmos 1. Turnhout: Brepols. (CCSG 6.)
- SCHER, A. 1912. Theodorus bar Koni: liber scholiorum pars posterior. Paris: Typographeus Reipublicae. (CSCO, Scriptorum Syri 66.)
- VAN DER EYNDE, C. 1981a. Commentaire d'Išo'dad de Merv sur l'Ancien Testament. T. 6I: Psaumes. Leuven: Peeters. (CSCO 433; Scriptorum Syri 185.) (Text.)
- VAN DER EYNDE, C. 1981b. Commentaire d'Išo'dad de Merv sur l'Ancien Testament VI. Psaumes. Leuven: Peeters. (CSCO 434, Scriptorum Syri 186.)
- VAN ROMPAY, L. 1982. Théodore de Mopsueste: fragments syriaques du Commentaire des Psaumes (Psaumes 118 et Psaumes 138-149). Leuven: Peeters. (CSCO 435, Scriptorum Syri 189.)
- VAN ROOY, H.F. 2009. Reading the Psalms historically: Antiochene exegesis and a historical reading of Psalm 46. *Acta theologica*, 29(2):120-134.
- VANDENHOFF, B. 1899. Exegesis Psalmorum. Imprimis Messianicorum, apud Syros Nestorianos e codice usque adhuc inedita illustrata. Rheine: Altmeyen.
- VOSTÉ, J.-M. 1945. Les citations Syro-hexaplaïres d'Išo`dâdh de Merw dans le commentaire sur les psaumes. *Biblica*, 26:12-36.

Kernbegrippe:

Antiocheense eksegesis
 messiaanse interpretasie
 psalms

Key concepts:

Antiochene exegesis
messianic interpretation
psalms